Wedergeboorte
Johannes 2:23-3:8

Inleiding

- Dink net jy kon jou lewe oorbegin met als wat jy nou weet.
  - Die meeste van ons het al een of ander tyd gewens jy kon oorbegin.

- Jy sal dan nie dieselfde foute weer maak nie.
  - Jy sal nie weer jok oor jou toets nie.
  - Jy sal nie weer jou hare kleur die dag van jou matriekafskeid nie.
  - Jy sal nie weer so laat begin swot vir die eksamen nie.
  - Jy sal nie weer daardie 'drinking-game' speel nie.
  - Jy sal nie weer daardie kar koop wat te duur is nie.

- ...Jy sal nie weer daardie verhouding aanknoop nie.
  - Jy sal nie weer so vêr gaan in die verhouding nie.
  - Jy sal nie weer daardie besigheid begin of werk vat nie.
  - Jy sal nie weer daardie beloftes glo nie.
  - Jy sal nie weer jou ore uitleen vir ander se schemes of giftige skinder nie.

- Met al die dinge wat jy vandag weet...
  - sou jy waarskynlik baie dinge van gister anders doen.
  - Oorbegin... as jy die kans sou kry.

- Nou jy kan nie teruggaan in die verlede om dinge reg te maak nie.
  - Maar jy kan mos van hierdie punt af verder dinge anders doen
    - in die lig van wat jy nou beter van weet.

- Dit is omtrent die definisie van wedergeboorte.
    - Oorbegin met jou lewe in die lig van wat jy nou wel later uitgevind het van Jesus.
    - En nou gaan dit nie skielik oor een of ander geestelike reis nie...
    - dit gaan oor hoe Jesus jou perspektief en houding
        - oor elkeen van daardie gewone tipe dinge verander.

- Kom ons kyk na
    - wat Jesus sê oor wedergeboorte.
    - Dan na 'n voorbeeld daarvan
    - en oor wat dit als vir jou sê t.o.v. jou lewe.

[Lees Joh. 3:1-8]

Weer gebore

- Nikodemus kom in die nag na Jesus.
    - Kyk mooi, Hy kom vra niks.
        - Hy kom erken iets.
    - Dat Hy iets van Jesus begin raaksien.
        - Hy sien die wonderwerke, soos al die ander mense.
        - Maar hy sien meer as dit:
    - Hy begin sien wie Jesus regtig is.
        - Die leermeester van God af.
        - Die een wat mense die waarheid kom leer oor 'n lewe voor God.

- Jesus maak dan 'n opmerking daaroor:
    - Mens kan hierdie dinge net sien, Nikodemus...
        - as jy nuut gebore word.

- M.a.w... jy weet Nikodemus...
  - jy is dan besig om weer gebore te word,
  - anders sou jy nie hierdie dinge oor my begin raaksien nie.

- Dit klink snaaks vir Nikodemus.
  - 'n Ou man soos hy... van voor af gebore?
  - Dit kan mos nie werk nie!
  - Maar Hy mis dat Jesus 'n vergelyking maak.

- Dat, soos 'n babatjie vir die eerste keer uitkom
  - en die wêreld sien
  - en gaan moet leer om daarin reg te kom.

- Netso is dit om na die wêreld te begin kyk deur wie Jesus is.
  - Jy sien baie dinge vir die eerste keer vir wat regtig aan die gang is...
  - en jy moet van voor af leer om reg te kom in daardie nuwe wêreld.
  - Dis soos om van voor af te begin kruip en loop en praat...
    - als van voor af in die lig van wie Jesus is.

- Wedergeboorte is soos wanneer die 'reset' knoppie van jou lewe gedruk word
  - en jy als van jou lewe begin
    - heroorweeg
    - en te hersien
    - en te herbou
  - in die lig van die nuwe feit wat jy begin raaksien:
  - dat Jesus díé Koning is.
    - Jy herdink hoe jy met geld werk en hoekom jy dit soek.

        - Jy herdink hoe jy oor jou werk en jou baas en kollegas voel.
        - Jy herdink jou studies.
        - Jy herdink jou klerekas
        - Jy herdink jou seksualiteit.
        - Jy herdink jou ouerskap en kindwees.
        - Jy herdink jou vriendskappe.
        - Jy herdink hoe jy oor Vanderbijl voel.
    - Alles kry 'n make-over.
        - Dis oorbegin!

- En Jesus verduidelik vêrder in v5 dat
    - jy nie so onder die Koningskap van God kan kom...
    - as die Heilige Gees van God jou oë nie oopmaak
        - om nuut te kyk,
        - en Jesus te sien sodat jy oor kan begin nie.

- Nou daaroor kan jy baie wonder hoe dit presies werk.
    - Die resep of formule soek.
    - Maar Jesus sê dis soos die wind.
        - Jy het nie beheer daaroor nie
            - – die Heilige Gees werk waar en wanneer Hy wil.
        - Soos jy die wind se effek kan sien en hoor...
            - sal jy kan aflei die Heilige Gees is aan die werk in jou of iemand naby jou...
        - maar hoe dit gekom het... en waarheen Hy op pad is met iemand weet jy nie.

- 'n Vraag om jouself af te vra is of dit werklik al met jou gebeur het?
    - Want ons lees in hfstk 2:23-25 dat daar 'n ander tipe geloof in Jesus is…
    - Wat eintlik 'n nul op 'n kontrak is

- Daar is mense wat hou van die Idee van Jesus en wat hy doen…
  - Maar Jesus het nog nie begin verander hoe hulle na hulle wêreld kyk nie.

- Nou, wat wel volgende nodig is om te verstaan
  - is dat hierdie geboorte proses
  - en die nuut leer kruip en loop en praat...
  - dikwels 'n tydjie neem.

- Kom ons kyk na 'n voorbeeld van Petrus se wedergeboorte

Tree vir tree

- As ons sien hoe Petrus se wedergeboorte gewerk het
  - dan besef ons hoe ingewikkeld dit soms is en hoe God geduldig met ons werk.
  - Hy kom verander jou nie skielik in 'n robot nie,
    - maar herprogrammeer jou van voor af.

- Ons ontmoet Petrus as 'n hardwerkende visserman in Matteus 4:18.
  - Jesus roep hom toe met die woorde: "Volg My".
  - Stap agter my aan en kom kyk nader.

- Dan sien ons hom later waar hy op pad agter Jesus aan,
  - skielik met 'n impulsiewe geloof,
  - uit 'n bootjie spring en op water loop.
  - Maar sy geloof het nie wortels nie en hy begin gou sink.
    - Jesus het nog 'n lang pad om met hulle te stap (Mat 14:28).

- Maar Petrus bly volg en begin al hoe meer leer en verstaan
    - wie Jesus is en wat Hy doen.
    - Dit gebeur toe op ‘n dag dat Jesus hulle vra wie hulle dink Hy is,
    - en Petrus antwoord toe met groot insig deur die Heilige Gees:
        - “U is die Christus, die Seun van die lewende God.” (Mat 16)

- Petrus het nou al ‘n entjie gevorder in sy wedergeboorte.
    - Maar het Petrus verstaan wat die Christus as die Seun van die lewende God moes kom doen?

- Want toe Jesus in Matt 26 begin uitspel
    - dat Hy gevang gaan word en uiteindelik gekruisig sal moet word,
    - wou Petrus niks hiervan weet nie.
    - Sy presiese woorde was:

- “Al sal hulle U ook almal in die steek laat, ék sal U nooit in die steek laat nie.” En “Al moet ek saam met U sterwe, ek sal U beslis nie verloën nie!”

- En dit was nie maar leë beloftes nie!
    - Toe hulle Jesus die aand in Getsemane vang was dit Petrus wat sy swaard uitgepluk het en ‘n slaaf se oor afgekap het (Joh 18:10).

- Maar toe Jesus met hom raas en toelaat dat hulle Hom vang
    - het Petrus se wêreld in mekaar gesak.
    - Hy het nog nie verstaan dat lewe deur dood kom nie

- Verward, gly hy terug (backslide)
  - Terug na sy ou maniere en ou lewe
  - Hy laat val ‘n paar matroos-woorde
  - Ons sien hoe hy doen wat hy belowe het om nooit te doen nie:
  - Hy verloën Jesus 3 keer en hoor die haan kraai (Matt 26:75).

- Maar God los nie as Hy begin het nie...

- Na Jesus se opstanding kuier Hy eendag op die strand saam met die dissipels
  - en Hy maak ‘n punt daarvan om Petrus drie keer die geleentheid te gee om te sê hoe lief hy vir Jesus is.
    - Soveel keer as wat Hy Jesus verloën het.
  - Jesus help Petrus om sy eindelose genade vir Petrus - self te smaak!

- Uiteindelik gryp Petrus sy nuwe lewe en hardloop daarmee

- Om baie gebeure op te som sien ons hoe Petrus
  - verder as eerste leier in die Nuwe Testamentiese kerk
  - getuig met die boodskap dat
    - daar lewe is in die dood en opstanding van Jesus,
  - omdat Hy dit self geproe het op sy eie pad.
    - hy self besef hy was dood en het deur Jesus weer begin lewe

- Toe Jesus daardie 1ste dag vir Petrus by die visnette weggeroep het,
  - het ‘n lang pynlike geboorteproses voorgelê.
    - seker omtrent 3 jaar.

- Petrus se oë het stadig maar seker oopgegaan:
  - besig om sy sonde meer en meer te sien
  - en Jesus se genade meer en meer te sien
- en met groter oorgawe sy lewe te hersien en te herbou

- 'n Stadige geboorte oor 3 jaar totdat Hy uiteindelik met oorgawe lewe

- Nikodemus self het tree vir tree gevorder in sy geboorte proses.
  - Jesus sê daardie aand al dat Nikodemus duidelik weergebore is
    - ander sou Jesus nie so indruk op hom maak nie
  - Maar later sien ons in Joh. 7:51 dat hy huiwerend vir die ander Joodse leiers wat teen Jesus saamsweer sê:
    - "*Volgens ons wet kan ons mos nie sommer iemand veroordeel sonder om eers sy kant van die saak te hoor en vas te stel wat hy doen nie.*"
    - Maar hulle jak hom af en hy bly dan verder stil.
  - Maar uiteindelik na Jesus se dood [Joh. 19:39]
    - spandeer hy in oorgawe openlik tyd en geld om Jesus te help begrawe.
    - al sou dit sy werk as lid van die Joodse raad en vriendskappe kos.

Toepassing

- Wat leer jy oor jóú oorbegin,
  - jou wedergeboorte,
  - of dit wat dalk in die mense om jou aan die gang is.
    - In jou kind, man, vrou of vriendin?

- Wedergeboorte is vir elke mens onmisbaar

        - om onder Jesus se koningskap te kan kom
    - dit gaan nie net daaroor om in te stem met feite nie

- Daar is nie 'n resep nie
    - maar die tekens sal daar wees
    - die nuwe wonder en vrae oor Jesus en sy koninkryk

- Wedergeboorte begin as jy met 'n nuwe stel oë
    - na dieselfde ou wêreld kyk
        - omdat jy deur Jesus daarna begin kyk.
    - maar dit lyk skielik anders en jy begin om dit uit te figure

- Dis soms 'n lang proses van uitfigure
    - Wees geduldig met jouself as jy soms voel jy wil opgee
        - of dink jy sien dit skielik nie meer nie
    - Wees geduldig met ander as hulle nog net nie sien wat jy sien nie
        - Want God is geduldig met julle altwee

- Wedergeboorte maak klaar
    - Dit is nie 'n aanhoudende geploeter nie
    - Dit bring jou by die punt waar jy genoeg vertroue in Jesus ontwikkel het
    - Dat jy met oorgawe kan begin
        - volwasse word,
        - vaste kos inneem
        - en groei
        - en werk
    - sonder om te huiwer of wonder of water te trap.

Slot

- Die meeste van ons het al gewens ons kan oorbegin
  - Ek weet nie waar jy trek nie
  - of hoekom jy dit wens nie
  - Ek het ook nie beheer oor waar die Gees van die Here werk nie

- Ons leer net wel hier dat
  - Jesus, die Seun van God, die middelpunt hiervan is.
  - Dat jy jouself kan sien
    - sonder sy genoeg-genade aan die kruis vir jou...
    - en met sy genoeg-genade aan die kruis vir jou...
  - ...en dat dit jou aan die gang sit.

- En as jy dit gesien het...
  - kan jou lewe nooit weer maar net dieselfde wees nie.

- Jy sal als van jou lewe heroorweeg, hersien en herbou
  - in die lig van die nuwe feit dat Jesus díé genade Koning is.

  - hoe jy met geld werk en hoekom jy dit soek.
  - hoe jy oor jou werk en jou baas en kollegas voel.
  - jou studies.
  - jou seksualiteit.
  - jou ouerskap en kindwees.
  - jou vriendskappe.
  - hoe jy oor Vadnerbijl voel.

- Nuut gebore om oor te begin vir Hom.

Amen